Western Cape Government

Western Cape Education Department
Directorate: Curriculum FET

# AFRIKAANS HUISTAAL

## HERSIENINGSBOEK
## 2025 KWARTAAL 2

## Graad 11

Hierdie hersieningsprogram is ontwikkel om jou te help met die hersiening van belangrike inhoud en vaardighede wat gedurende die tweede kwartaal onderrig is. Die doel is om jou voor te berei om die kernkonsepte te verstaan. Dit wil jou ook die geleentheid bied om die verwagte standaard en toepassing van kennis te verkry wat nodig is om sukses in die NSS-eksamen te behaal.

**INHOUDSOPGAWE**

HOE OM DIE HERSIENINGSBOEK TE GEBRUIK ........ 2
POëSIE ........ 3
VRAESTEL 1: AFDELING B (OPSOMMING) ........ 8

**HOE OM DIE HERSIENINGSBOEK TE GEBRUIK**

- Jy kan hierdie hersieningsboek gebruik om vir Toets 2 in Kwartaal 2, sowel as vir die Literêre Projek (Kw. 3) en die eksamen (Kw. 4)voor te berei.

- Oefen om gesiene en ongesiene gedigte te interpreteer; die boodskap te verstaan en die verstegniese middele te hersien deur dit in elke gedig te herken en die funksie daarvan te gee.

- Laat die maatplaat van WEEK 5 se les jou lei hoe jy te werk gaan met die ontleding van 'n gedig.

- Ons gaan fokus op die "hoe" in 'n gedig naamlik die verstegniese middele en hul funksies.

- By die drama fokus ons op die elemente van die drama voor ons die kontekstuele vraag aanpak en die langvraag se beplanning vir jou help uitlê.

- By die opsomming fokus ons op die interpretasie van die opdrag en die toepassing van die instruksies.

- Pobeer eers om die vrae op jou eie te beantwoord voordat jy na die memorandum kyk. Onthou ook dat jou antwoorde nie presies soos dié in die memorandum hoef te wees nie, solank dit nog steeds dieselfde betekenis oordra.

**Voorspoed met take en eksamen!**

**POëSIE**

**Hoe om die gedig te lees en die vrae te beantwoord:**

- Lees eers die titel van die gedig; dit ontsluit/verklaar die inhoud van die gedig; vat die kerninhoud saam;
- Lees die gedig tot jy weet **WAT** die digter sê **asook;**
- die **HOE/WAARMEE** dit gesê word;
- die **"wat"** verwys na die storie/samevatting van die inhoud en boodskap wat die gedig oordra;
  **Wie is die spreker?** Wie praat in die gedig? Wat is die spreker se houding?
  **NB! Die spreker is nie die digter wie se naam boaan of onderaan die gedig staan nie.**
  **Aangesprokene –** met wie praat die spreker?
  **Inhoud:** waaroor gaan die gedig?
  **Tema** van die gedig – is die hoofgedagte/boodskap van die gedig.
  **NB!** Dit is nie die onderwerp/storie nie, **maar eerder die betekenis, boodskap of "les" wat ons uit die gedig leer.**

- die **"hoe"** verwys na die **tegniese middele** (leestekens, tipografie, beeldspraak, stylfigure, rym) wat gebruik word om die **boodskap oor te dra.** Maak seker jy kan hierdie tegniese middele uitken en die spesifieke funksie daarvan omskryf bv. die funksie van alliterasie, inversie, ensovoorts.
- **Verstegniese middele** verwys na die **"tegniese"** aspekte van die gedig.

  **Dit sluit in:**

- ✓ Verskillende tipes gedigsoorte (sonnet- Italiaanse of Engelse sonnet, vrye vers, ballade, elegie, satire).
- ✓ Leestekens (beletselteken, uitroepteken, kommas, dubbelpunt, kommapunt en aandagstreep).
- ✓ Beeldspraak (Vergelyking, metafoor, personifikasie).
- ✓ Stylfigure (herhaling, polisindeton, inversie, oksimoron, paradoks, ironie, kontras, antitese, klimaks, antiklimaks, ellips).
- ✓ Tipografie (hoe die gedig op papier gedruk is – koeplet, tersine, kwatryn, sestet, oktaaf).
- ✓ Rym (paarrym, kruisrym, omarmende rym, gebroke rym, slagrym).
- ✓ Halfrym (alliterasie en assonansie).
- ✓ Enjambement.
- ✓ Skuinsdruk (uitheffing van woorde).
- ✓ Voorplasing en agterplasing van 'n word.
- ✓ Kreatiewe woordgebruik (emotiewe woorde).
- ✓ Progressie (ontwikkeling van 'n beeld).

Deur middel van kontekstuele vrae gaan jou begripsvermoë en literêre kennis van 'n gedig getoets word.

- Verstaan jy die letterlike betekenis van 'n gedig? Jy sal moet **inligting identifiseer**/weer gee wat jy reeds geleer het. Vrae beantwoord op die wie-, wat-, wanneer-, waarom-, wat-, waar-, hoe-, waarom-vrae.
- Jy moet inligting in 'n gedig **kan herorganiseer.**
- Jy moet afleidings kan maak waarvan die inligting nie noodwendig in die gedig voorkom nie. Jy moet by hierdie tipe vrae die inligting wat jy reeds tot jou beskikking het, gebruik **om die afleidings** te maak.
- Jy moet sekere aspekte van die gedig **kan beoordeel** deur jou eie mening oor die gepastheid van byvoorbeeld die rym, beeldspraak, bou van die gedig te gee.
- Jy moet moet **waarderend** kan lees. Jy sal moet motiveer waarom jy met die spreker saamstem al dan nie.

**Oefen om vrae oor 'n gedig te beantwoord.**

Lees die gedig uit **- *Om die aarde aan te haal* -**

pa is met 'n kleinletter- dui op universele.

Vrye vers

## pa – Marlise Joubert

r. 1: 'n moedige / dapper man

r. 2: "**some**": **Metafoor** vir stroompies; **Personifikasie**: reën word vermenslik, asof dit 'n vrou is wat 'n rok met some dra.

hy was nie 'n man van staal nie

r.6: "kaal skeer" is 'n metafoor. 'n Skaap word geskeer; wegneem van sy wol. Heuwels word deur son kaal geskroei.

r. 4: Herhaling/beklemtoning

r.5: klank van iets wat brand

r.7: Herhaling van sintaktiese parallel met r.4

waar die reën se blink some
alkant oor die berge sleep
hoor ek hom lag hoor ek hom praat
waar die knettervuur van son
die heuwels kaal skeer
hoor ek hom ween hoor ek hom roep

r.8 sluit aan by r. 1. Herhaling van titel. Funksie: verwys na die emosionele kant van

r.9: variasie van "murg en been" – kern van jou persoonlikheid.

pa was nie 'n man van staal nie
pa was in murg en borsbeen
'n doodgewone man

r. 11 "ontslape" en "vertoef" – 'n paradoks: direkte teenstrydigheid dood en lewe.

r. 11-16: Die woorde "drome", stiltes, "wingerdharte", "hang oop" en "kamervenster" is 'n verdere beklemtoning van die pa se emosionaliteit.

r. 12,13,14: "dans"/ "versteur"/"ryg": **Ironie**: Vir die eerste keer lewe haar pa vir haar – in sy dood.

r. 14: "wingerdharte": hartvormige wingerdblare.

ontslape vertoef hy soms in my drome
dans rond in stiltes van my boord
versteur die wilgertoiings
ryg wingerdharte aanmekaar
en hang dit elke dag
voor my kamervenster oop

op die lessenaar drup sy inkpen leeg
glip die lig van 'n lamp oor die laaste brief:
*ek was 'n doodgewone man*
*met borswonings aan lag en van huil*
*murgsag en in die liefde geskaad*
*en my dood was soos dit ons aarde behaag*

r. 13: wilgertoiings: kaal wilgertakke

r. 18: "laaste brief": selfdoodbrief

r. 19: die spreker se pa is nou self aan die woord deur sy brief.

r. 20: "borswonings" (emosies): Die eerste keer in sy lewe spel die digter se pa sy gevoelens en emosionaliteit uit.

r. 22: "behaag": beteken goeddink

r. 21: "murgsag": herhaling van "murg en borsbeen" (r. 9)

r. 21: "in die liefde geskaad": Een van die redes vir sy selfdood.

r. 17: "drup sy inkpen leeg": dit dui op selfdood; die pen is nie in die houer teruggeplaas nie. Al wat nog tekens van lewe toon, is die druppende pen – maar dit verwys ook na die lewe wat die pa verlaat (dalk bloed wat drup).

r. 22: "soos dit ons aarde behaag": **Ironies** – hy keer doelbewus en doelgerig terug na die aarde waarop hy geboer/geleef het. Die aarde/ grond het hom as ontslapene terugontvang: dit was uiteindelik die plek wat ook vir hom na sy dood 'n heenkome gebied het.

**Bespreking van die gedig**

Volgens die eerste reël het die samelewing die spreker se pa as 'n harde, geharde man gesien.

- Die spreker sê dit was juis die teenoorgestelde – hy was sag, 'n ware kunstenaar en romantikus, en is deur niemand verstaan nie.
- Die slotstrofe is ontstellend: die pa het, weens sy kontrasterende persoonlikheidskenmerke en onbegrip van hom as mens, asook sy eensaamheid – uiteindelik sy lewe deur selfdood beëindig ("drup sy inkpen leeg", "laaste brief").

- TEMAS: onbegrip tussen mense, gebrek aan belangstelling in ander se emosies, selfdood.
- Die digter praat met passie oor die lewe en nalatenskap van haar ontslape pa
- Toon: respek, bewondering, ook deernis en liefde, verlange en verlies – 'n gemis na 'n man van integriteit; het waardes in haar eie lewe ingebou.
- Hy was 'n "aardse" man, wat die natuur geken het, vir wie grond, reën, son en plante deel was van sy bestaan, maar wat ook sensitief was.
- Dus: 'n geharde boer, maar ook sag en deernisvol.
- Vir die eerste keer verstaan die spreker haar pa – ironies, na sy dood is dit in haar drome dat sy skielik sy emosionaliteit en menslikheid ervaar en begryp.

VRAE:

1. Verskaf redes hoe jy weet die gedig is 'n vrye vers. (3)
   ***(Eksamenwenk**: ken die vereistes van 'n vrye vers)*
2. Hoe weet jy dat *pa* 'n emosionele of gevoelsmens is?
   Haal woorde uit die teks aan.
   (***Eksamenwenk**: kernwoorde is "haal uit die teks aan"- gaan soek woorde in die teks wat dui op "emosie").* (4)
3. Waarom is die laaste vier reëls kursief gedruk?
   ***(Eksamenwenk**: ken die funksies van waarom gedeeltes kursief gedruk word.)* (1)
4. Op watter manier slaag die spreker daarin om 'n roerende en oortuigende skets van haar vader te gee.
   (***Eksamenwenk**: sluit aan by die **"hoe"** met ander woorde die verstegniese middele*). (2)

**[10]**

**WENKE VIR DIE BEANTWOORDING VAN 'N GEDIG:**

1. Volg die instruksie soos by elke vraag aangedui (een woord, aanhaling
2. Kyk hoeveel punte 'n vraag tel sodat jy weet hoeveel inligting jy moet ).gee.
3. Gee aandag aan die kernwoorde deur dit te omkring/uitlig met 'n glimpen.
4. Die vrae loop gewoonlik vanaf die titel tot die laaste strofe.
5. "Waarom dink jy-vrae" moet nogsteeds verband hou met die inhoud van die gedig.

**NOU MOET JY SELF DIE VOLGENDE GEDIG BESTUDEER EN DIE BLOKKIES/ VRAE VOLTOOI VOORDAT JY NA DIE NASIENRIGLYN KYK.**

Lees die onderstaande gedig uit **- *Om die aarde aan te haal* –** en beantwoord dan die vrae.

1. Watter tyd van die dag is dit? Hoe weet jy dit?

2. Gedigvorm?

3. Sê in jou eie woorde wat die betekenis van r. 1 is.

**Opstaankoffie – George Weideman**

kyk, die sterre het deurgebrand
in die ooste gloei die as
gekamerjas sit jy ketel op
en breek die mosbeskuit
wanneer jy buk oor my
sien ek die glimming van jou vel
buite kraai die roesbruin haan
verlangs knipper die môrester
ek proe die koffie op jou tong
en snuif anys en wilderoosmaryn
ek snuffel oor jou bokkiespoor
die nag se buitelyn vervaag

4. Gee die dubbelsinnige betekenis van r.2.

5. Watter verstegniese middel beklemtoon hoe die persoon lyk in r.3?

6. Wie is die jy in r.3?

7. Watter verstegniese middel kom voor in r. 5 en 6? Gee die funksie daarvan.

8. Watter suggestie kom in r. 5 voor?

9. Verduidelik hoe r.7 by die titel aansluit?

10. Benoem die beeldspraak in r. 8 en verduidelik die geslaagdheid daarvan.

11. By watter reël sluit r.9 direk aan?

12. Hoe sluit "wilderoosmaryn" en "bokkiespoor" by mekaar aan binne die konteks van die gedig?

13. Vind daar progressie in die gedig plaas? Verduidelik jou antwoord breedvoerig en evalueer die geslaagdheid daarvan.

14. Van watter sintuie word hier die meeste gebruik gemaak? Verduidelik jou antwoord binne die konteks van die gedig.

**NASIENRIGLYN: GEDIGTE**

**GEDIG 1: pa – M. Joubert**

1. - gedig het nie 'n vaste rympatroon nie
   - nie 'n vaste strofebou nie
   - min leestekengebruik en geen hoofletters nie
   - verslengtes wissel van kort tot lank (3)
2. "lag, ween, huil, murgsag, wingerdharte" (4)
3. Jy wil die vier reëls **beklemtoon, uitlig** (1)
4. Die feit dat dit 'n vrye vers is, wys dat die spreker uit die hart praat.
   Enjambement bind die gedig saam wat die skets van haar pa oortuigend maak. Die gebruik van emotiewe werkwoorde soos "vertoef", "versteur", "ryg", "glip" is intense gebruik en dit beklemtoon die gevoel/emosie.
   Die herhaling (4X) van "hoor ek hom" bind ook die gedig saam.
   Die kursiewe laaste vier versreëls sluit die inhoud van pa se brief intens af soos wat hy geleef het. (*enige twee van bogenoemde* ) (2)

[10]

**GEDIG 2: OPSTAANKOFFIE**



1. Dit is vroegoggend. Die sterre skyn nie meer so helder nie, want die son is besig om op te kom. Die haan wat kraai dui op dagbreek. Die titel is opstaankoffie. Die roetine is wat mense doen as hulle soggens opstaan. (3)
2. vrye vers (1)
3. Die sterre skyn nog, maar nie meer so helder nie aangesien die son opkom – "deurbrand": deur die nag gebrand. (2)
4. Die son is besig om op te kom en "as" dui op verbranding wat plaasvind. "Gloei" dui daarop dat die son nog nie snikheet is nie.
   Die "as" dui ook op die aarde wat om sy "as" draai. (2)
5. inversie. Die woordorde is omgedraai sodat "gekamerjas" aan die begin van die reël staan om dit te beklemtoon. Van die selfstandige naamwoord "kamerjas"is 'n deelwoord gemaak. (1)
6. Die spreker se geliefde. (1)
7. enjambement. Dit het 'n bindingsfunksie. (2)
8. Dit suggereer dat die spreker se geliefde wanneer sy vir hom/haar koffie in die bed bring, oorbuk om 'n môresoen te gee. (2)
9. 'n Haan kraai gewoonlik vroeg in die oggende om aan te dui dit is opstaantyd. Saam met opstaantyd is koffiedrinktyd om jou wakker te maak. (1)
10. personifikasie. Dit lyk asof die sterre knipoog (knipper) – 'n handeling wat 'n mens doen. Dit beteken die sterre raak al dowwer in die lug. Baie geslaagde beeld. (2)
11. reël 5 – "wanneer jy buk oor my". (1)
12. "Wilderoosmaryn is 'n veldplant waarvan die voorkoms en geur jou aan roosmaryn laat dink. Dit is 'n geur in die omgewing waarvandaan die spreker kom en dit is dus aan hom goedbekend.
    Die "bokkiespoor" is ook aan hom welbekend, want dit is deel van sy omgewing.

Beide is vir die spreker deel van sy wêreld en hart.
Die geure assosieer en skep 'n beeld van die veld en die bokkie. (3)

13. Die gedig begin waar die sterre nog brand. Tog is daar tekens van die son wat begin opkom. Dit "gloei" in die Ooste. Die haan kraai en die môrester raak al onduideliker. Hy "knipper" net nog. Aan die einde van die gedig sien ons hoe die nag se buitelyn vervaag. Die progressie is baie geslaagd, want dit beskryf hoe die son opkom, die dag aanbreek en die sterre se gloed saam met die donkerte verdwyn. (4)

14 oë ("kyk", "sien"); neus ("snuif", "snuffel"); mond ("proe"); ore ("kraai") (3)

[27]

**VRAESTEL 1: AFDELING B (OPSOMMING)**

Die sleutel tot 'n suksesvolle 'n opsomming lê daarin dat jy moet lees en weer lees.

- PROBEER DIE **LOS- METODE**

  **L**ees alles. Begin by die opdrag, dan die instruksies en die teks.
  **O**nderstreep nou al die wenke/redes/ nadele/ gevare wat jy moet opsom.
  **S**kryf nou alles neer wat jy onderstreep het.

  Doen dit so: Maak twee kolomme – skryf die onderstreepte aanhaling in die eerste kolom en skryf die sin wat jy met die aanhaling gemaak het in die tweede kolom. *Onthou om jou finale antwoord in paragraafvorm aan te bied.*

- LEES EERS DIE OPDRAG SODAT JY WEET **WAT** OPGESOM MOET WORD.
  - Byvoorbeeld sewe goeie **gewoontes**, **wenke**, **voordele**, **menings**.
  - Wees bedag op byvoeglike naamwoorde in die instruksie bv. sewe voorbeelde van **waarneembare** gedrag of sewe **positiewe** kenmerke.

- LEES NOU DIE INSTRUKSIES SODAT JY WEET **HOE** OM DIE OPSOMMING TE SKRYF.

✓ **90 woorde**
  - Jy kan minder as 90 woorde skryf, maar jy moet seker maak dat jy nie noodsaaklike inligting uitlaat nie.

✓ **Volsinne**
  - Elke sin moet ten minste 'n onderwerp en gesegde hê.

✓ **Paragraaf**
  - Skryf slegs EEN paragraaf. Indien jy meer as een paragraaf skryf, word slegs die eerste een nagesien.

**OEFENING 1**

Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van SEWE wenke om die slaggate van stemboodskappe te vermy.

**Instruksies**:

1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
2. Dit is nie nodig om jou opsomming 'n opskrif te gee nie.
3. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

## WhatsApp-etiket: Vermy die grootste slaggate 'voice notes'

**Stemboodskappe kan nuttig wees wanneer dit gepas is, maar dit kan ook irriterend en indringend wees.**

Sarah Britten, 'n sosialemediakenner by die Johannesburgse reklameagentskap Brand Factor, het onlangs haar sowat 2500 Facebookvriende se menings or stemboodskappe getoets. Die resultaat? "Dis een van daardie Marmite-goed: Óf mense hou daarvan óf hulle haat dit," sê Sarah.

Haar raad is om bedagsaam en oordeelkundig te wees met die gebruik van stemboodskappe. "Dis onbeskof om te kommunikeer in 'n vorm waarvan jy weet iemand nie hou nie. As jy wil hê jou boodskap moet tot iemand deurdring, is dit in jou beste belang om dit te doen in die vorm wat hulle verkies."

Stemboodskappe verg dat die persoon moet stop en luister. Doen eers ekstra moeite en vra of die ontvanger in 'n posisie is om 'n stemnota te ontvang, sê die Amerikaanse tegnoblogger Conrad Fuld.

Sarah, wat haar 'n stemnota-minimalis noem, meen dit is die beste om onder 'n halfminuut te bly. Die goue reël is om so vinnig moontlik tot die punt te kom, sê Sarah. "Moenie 'n stemnota stuur nie as jy weet die persoon aan wie jy dit stuur, verpes die formaat," sê Sarah. Maak 'n punt daarvan om vir die persoon te vra of hy/sy oukei is daarmee om stemboodskappe te ontvang.

Dit klink dalk voor die hand liggend, sê Conrad, maar jy moet vooraf minstens vaagweg voorberei wat jy wil sê sodat jy nie afdwaal nie.

Die goue reël is om nooit stemnotas te gebruik om aanwysings, datums, besonderhede oor 'n geleentheid, foonnommers of adresse oor te dra nie, sê Sarah.

Dit is makliker om na 'n teksboodskap te verwys as om weer na 'n stemnota te moet luister. En al is stemnotas dalk nuttiger om nuanses mee oor te dra, kan dit in die beroepsomgewing onvanpas is. "Ek hou nie van stemnotas vir werk wanneer dit belangrike inligting behels nie," sê Conrad.

[Verwerk uit Huisgenoot, 19 Maart 2021]

**Oefening 2**

Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van **SEWE redes waarom ons kan sê dat sellfone en sosiale media 'n negatiewe impak op die hedendaagse tiener het**.

**Instruksies:**

1. Jou opsommimg moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
2. Dit is nie nodig om jou opsomming 'n opskrif te gee nie.
3. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

## Als is nie pluis met ons jeug nie.

Angs en depressie word al hoe meer onder tieners gediagnoseer. Ja, als is nie pluis met ons jeug nie.

Natuurlik word hot en haar na redes vir die groep se donker, pessimistiese lewensuitkyk gesoek. En dat selfone en sosiale media 'n rol speel, is nie te betwyfel nie. "Sommige navorsing wys dié wat meer toegang tot veelvoudige sosialemedia-platforms het, is drie keer meer geneig tot angs en depressie, "sê Tyrone Edgar, kliniese sielkundige van Randburg.

Dit is die eerste generasie wie se hele adolessensie in die era van die selfoon was/sal wees. Sosial media en teksboodskappe vervang ander aktiwiteite. Hulle sien dus vriende minder in lewende lywe, volgens hom.

Tumelo Mojapelo, inhoudshoof by Flux Trends, wat nuwe tendense identifiseer, stel dit so: Dit is die eerste generasie wat aanlyn deur puberteit se uitdagings gaan. Dit plaas meer druk (en soms onnodige blootstelling) op die generasie.

Die hedendaagse tiener het onbeperkte toegang tot ontstellende gebeure wêreldwyd, sê Tyrone. Só kry 'n plaaslike tiener byvoorbeeld maklik inligting oor 'n skietery in Amerika. En kan selfs gesels met ander tieners (en volwassenes) wat daaraan blootgestel was. Jy kan ook meer ondersteuning kry vir negatiewe gedrag en idees gekoppel aan angs en depressie, soos *likes* vir selfdoodgedagtes, boeliery en vergrype aan kos (*binge eating).*

Boonop moet hulle byhou met die sosiale media se altyd veranderende reëls en kultuur, wat ook angs kan veroorsaak. "Tieners vandag moet sosiale norme én sosialemedia-norme balanseer. Net een was reeds moeilik vir die vorige generasie."

Jy moet inderdaad 'n gebalanseerde, aantreklike en vooruitstrewende beeld aanlyn voorhou, beaam Tumelo. Tesame met die druk om in jou skoollewe te presteer. En tussendeur jou "regte" lewe bymekaarhou.

So het navorsers onlangs in 'n Britse studie bevind kinders wat meer tyd op sosiale media deurbring, is minder gelukkig oor hulle lewe in die algemeen: skoolwerk, die skool wat hulle bywoon, hul voorkoms, familie.

[Verwerk uit Sarie, 13 Mei 2019]

Nasienriglyne: Opsomming 1

| | Direkte aanhaling | Moontlike bewoording |
|---|---|---|
| 1 | … bedagsaam en oordeelkundig te wees met die gebruik van stemboodskappe. | Wees bedagsaam en oordeelkundig met die gebruik van stemboodskappe. |
| 2 | … is dit in jou beste belang om dit te doen in die vorm wat hulle verkies." | Kommunikeer met iemand in die vorm wat hulle verkies. |
| 3 | Doen eers ekstra moeite en vra of die ontvanger in 'n posisie is om 'n stemnota te ontvang. | Maak seker dat die ontvanger in 'n posisie is om na jou stemnota te luister. |
| 4 | … beste om onder 'n halfminuut te bly. Die goue reël is om so vinnig moontlik tot die punt te kom. | Hou stemboodskappe kort, verkieslik onder 'n halfminuut. |
| 5 | … minstens vaagweg voorberei wat jy wil sê sodat jy nie afdwaal nie. | Beplan vooraf wat jy wil sê sodat jy nie afdwaal nie. |
| 6 | … nooit stemnotas te gebruik om aanwysings, datums, besonderhede oor 'n geleentheid, foonnommers. | Moenie stemnotas vir belangrike inligting soos aanwysings, datums en ander besonderhede gebruik nie. |
| 7 | … in die beroepsomgewing onvanpas is. "Ek hou nie van stemnotas vir werk wanneer dit belangrike inligting behels nie. | Vermy die gebruik van stemnotas in 'n beroepsomgewing, want dit is onvanpas. |

**Moontlike paragraaf.**

Wees bedagsaam en oordeelkundig met die gebruik van stemboodskappe. Kommunikeer met iemand in die vorm wat hulle verkies. Maak seker dat die ontvanger in 'n posisie is om na jou stemnota te luister. Hou stemboodskappe kort, verkieslik onder 'n halfminuut. Beplan wat jy wil sê sodat jy nie afdwaal nie. Moenie stemnotas vir belangrike inligting soos aanwysings, datums en ander besonderhede gebruik nie. Vermy die gebruik van stemnotas in 'n beroepsomgewing, want dit is onvanpas.

(75 woorde)

Nasienriglyne: Opsomming 2

| | Direkte aanhaling | Moontlike bewoording |
|---|---|---|
| 1 | … hele adolessensie in die era van die selfoon … sien dus vriende minder in lewende lywe. | Adolossente sien hulle vriende min, want hulle sosialiseer op sosiale media en selfone. |
| 2 | … aanlyn deur puberteit se uitdagings… meer druk, onnodige blootstelling | Hulle ervaar puberteit se uitdagings aanlyn wat die druk verhoog. |
| 3 | … onbeperkte toegang tot ontstellende gebeure wêreldwyd … | Hulle het maklike en onbeperkte toegang tot onstellende wêreldgebeure. |
| 4 | … meer ondersteuning kry vir negatiewe gedrag en idees gekoppel aan angs en depressie, soos *likes* vir selfdoodgedagtes… | Hulle kry op sosiale media ondersteuning vir negatiewe gedrag en gedagtes. |
| 5 | … byhou met die sosiale media se altyd veranderende reëls en kultuur, wat ook angs kan veroorsaak. | Die druk om by te hou met sosialemedia se veranderinge veroorsaak angs. |

| | | |
|---|---|---|
| 6 | … gebalanseerde, aantreklike en vooruitstrewende beeld aanlyn voorhou, tesame met die druk om in jou skool lewe te presteer. | Hulle is onder druk om 'n suksesvolle beeld aanlyn voor te hou en terselfdertyd op skool te presteer. |
| 7 | … kinders wat meer tyd op sosiale media deurbring, is minder gelukkig oor hulle lewe in die algemeen. | Hoe meer tyd kinders op sosiale media deurbring, hoe minder gelukkig is hulle met hulle lewe. |

**Moontlike paragraaf:**

Adolossente sien hulle vriende min, want hulle sosialiseer op sosiale media en selfone. Hulle ervaar puberteit se uitdagings aanlyn wat die druk verhoog. Hulle het maklike en onbeperkte toegang tot onstellende wêreldgebeure. Hulle kry ondersteuning op sosiale media vir negatiewe gedrag en gedagtes. Die druk om by te hou met sosialemedia se veranderinge veroorsaak angs. Hulle is onder druk om aanlyn 'n suksesvolle beeld voor te hou en terselfdertyd op skool te presteer. Hoe meer tyd kinders op sosiale media deurbring, hoe minder gelukkig is hulle met hulle lewe.

(89 woorde)

Oefen, oefen, oefen ... totdat jy gereed is vir enige assessering!
Gebruik ***LEEROOMBLIKKE*** (leer kort / een aspek op 'n slag)
om sukses te behaal.